

25	15	15	55

Leerdergemiddeld:

--

Eksaminator: M. Ullerstam

Moderator:

Tyd: 60 minute

Datum: 22 November 2018

A. Heydendrych

Naam: \_\_\_\_\_ Graad 6 \_\_\_\_\_



**Instruksies:**

- Skryf netjiese aaneenlopende skrif met jou **BLOU PEN**.
- Voltooi al die vrae op die vraestel.

- Lees jou vrae **deeglik**.
- **SPELLING** tel!
- **NB:** 'n Netjiese vraestel tel in jou guns!
- **Mooi dink en lekker skryf!**

**Afdeling A**  
**Begripstoets**

# DIE VIKINGS



(1) Vandag reis ons al die pad na Skandinawië om die Vikings te ontmoet. (2) Die manne van die see, het vanaf die agtste eeu vir 300 jaar uit Noorweë, Denemarke en Swede na die kusstreke van Europa gevaar. (3) Hulle het dorpe aangeval, geplunder en met die kerke se goud en silwer spore gemaak. (4) Die Vikings het darem nie net plundertogte uitgevoer nie. (5) Hulle het na Asië, Noord-Afrika en dele van Europa gevaar om handel te dryf. (6) Baie mense dink dat Vikings nét plunderaars was, maar hulle was ook knap boere, puik ambagsmanne en briljante storievertellers.

# Superbogstories



(7) Stories was ongelooflik belangrik vir die Vikings en hulle het graag verhaale oor hul avonture, konings en hul krygers se oorwinnings vertel. (8) Baie van die stories was ook oor hul magtige gode, reuse en elwe. en helde soos Sigurd, wat die draak Fafnir verslaan het. (9) Die Vikings het ook mitiese monsters uitgedink. (10) Een van hulle was die groot wolf, Fenrir. (11) Fenrir was só boosaardig dat selfs die gode vir hom bang was! (12) Stories was vir hulle 'n vorm van vermaak en só het hulle seker gemaak dat hulle stories en saga's van generasie na generasie oorgedra is. (13) Die Vikings het geglo dat krygers wat soos helde sou sterf, met 'n ewige lewe in Valhalla beloon sou word.

## Draak bote

(14) Vikings was ongelooflike bootbouers. (15) 'n Langboot was ongeveer tussen 26 en 37 meter lank. (16) Dis gelykstaande aan die lengte van drie dubbeldekkerbusse! (17) Die boeg was vlak sodat hulle makliker toegang tot strande kon kry en in riviere kon op vaar. (18) 'n Mas en seil het hulle gehelp om die wind vir ekstra spoed te gebruik. (19) Wanneer dit windstil was of hulle wou in 'n rivier opvaar, moes die manne roei. (20) Daar was ongeveer 32 spane aan 'n kant gebruik. (21) Hulle het ook hul helderkeurige skilde aan die kante van die langbote gehang.

Uittreksel uit National Geographic Kids; April 2018

Aantal woorde: 243



1. Vir hoeveel jaar het die Vikings mense in die Noordelike Halfrond geterroriseer? (1)

\_\_\_\_\_

2. Maak 'n lys van dinge waarmee die Vikings baie goed was. (4)

\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

3. Sê of die volgende stelling **waar** of **onwaar** is. Motiveer jou antwoord uit die teks. (1)  
Vikings was Christene.

WAAR	ONWAAR
------	--------

\_\_\_\_\_

4. Noem enige drie kenmerke van die Vikings se langbote. (3)

\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

5. **Vul die ontbrekende woorde in:** (2)

Die Vikings het op die  en  staat gemaak om te kon seil.

6. **Onderstreep die korrekte antwoord.** (1)

Watter lande vorm deel van Skandinawië?

- a) Denemarke, Swede, Ysland
- b) Denemarke, Swede, Groenland
- c) Denemarke, Swede, Finland
- d) Denemarke, Swede, Noorweë
- e) nie een van die bogenoemde nie

7. Watter van die volgende opsies is mitiese karakters? (1)
- a) 'n Viking, 'n langboot en Fafnir.
  - b) 'n Elf, Fenrir en Fafnir.
  - c) 'n Viking, Fenrir en Fafnir.
  - d) al die bogenoemde
  - e) nie een van die bogenoemde nie

8. Stem jy saam met die Vikings se siening oor wat met die hulle sou gebeur as hulle op die slagveld sou sterf? Motiveer jou antwoord. (2)

---

---

9. Dink jy die stories wat die Vikings oorvertel het, geloofwaardig was? Motiveer jou antwoord. (2)

---

---

10. As jy 'n Viking was, sou jy dieselfde as hulle opgetree het of nie? Motiveer jou antwoord. (1)

---

	1
--	---

12. **Voltooi** die volgende sin: (1)

Op 'n windstil dag sou hulle 'n langboot, met ongeveer  spane roei.

1

## THOR

(1) Die god van donderweer. (2) Sy tower hammer, Mjölfnir, het harde donderslae en verblindende blitse deur die lug gestuur. (3) Mjölfnir was so kragtig dat dit berge met net een hou kon platvee.

13. Verduidelik kortliks wat die **hoofgedagtes** van die bogenoemde paragraaf is. (2)

_____	
_____	2

### Freya

(4) Die godin van liefde. (5) Sy het op 'n strydwa gery wat deur twee katte getrek was.

### Loki

(6) Hy was die god van katekwaad en het graag die ander gode poetse gebak.

14. Vergelyk die bogenoemde twee gode met mekaar: (4)

_____	_____	
_____	_____	4

25

## AFDELING B TAALLEER

1. **Kusstreke** (sin 2) is 'n voorbeeld van 'n: (1)

- a) simpleks
- b) kompleks
- c) samestelling
- d) samestellende afleiding

2. Wat is die **basis** van mitiese (sin 10)? (1)

_____	
_____	2

3. Gee die **enkelvoud** van **elwe** (sin 8). (1)

4. Gee die **meervoud** van **draak** (sin 9). (1)

5. Gee die **verkeining** van **konings** (sin 7). (1)

_____	
_____	3

6. Gee die **intensiewe vorme** van:  
**bang** (sin 12) \_\_\_\_\_ (1)
- |          |
|----------|
|          |
| <b>1</b> |
7. Wat dink jy beteken dit **om spore te maak** (sin 3)? (1)
- \_\_\_\_\_
- \_\_\_\_\_
8. Beskryf in jou eie woorde wat dit beteken om handel te dryf. (1)
- \_\_\_\_\_
9. Gee die **antoniem** van **belangrik** (sin). \_\_\_\_\_ (1)
- |          |
|----------|
|          |
| <b>2</b> |
10. Knap, puik en wonderlike is al drie 'n voorbeeld van 'n **naamwoord**. \_\_\_\_\_ (1)
11. Kleur die **voornaamwoord** met jou **glimpen** in. (1)
- |       |          |          |     |    |     |    |       |       |
|-------|----------|----------|-----|----|-----|----|-------|-------|
| Hulle | beroemde | langbote | was | 16 | tot | 36 | meter | lank. |
|-------|----------|----------|-----|----|-----|----|-------|-------|
12. **Onderstreep die korrekte antwoord:**  
**Baie** (sin 8) is 'n voorbeeld van 'n ... (1)
- a) bepaalde hooftelwoord  
b) onbepaalde hooftelwoord  
c) bepaalde rangtelwoord  
d) onbepaalde rangtelwoord  
e) nie een van die bogenoemde nie.
13. **Silwer** (sin 3) is 'n voorbeeld van 'n ... (1)
- a) soortnaam  
b) eienaam  
c) abstrakte selfstandigenaamwoord  
d) stofnaam  
e) maatnaam

13. "Viking krygers sou soos koninklikes behandel word." (1)

Die sin bevat 'n **bywoord** van ...

- a) tyd
- b) plek
- c) wyse
- d) graad
- e) nie een van die bogenoemde nie

<b>5</b>

15. Hoeveel is die woord **langboot** (sin 16) werd? (1)

Vokaalgroep 1	Vokaalgroep 2	Vokaalgroep 3	Konsonant
R2.00	R1.50	R1.00	50c

**langboot**

	<b>R</b>	<b>1</b>

**AFDELING C**  
**TAALLEER**

15. **Kleur die korrekte antwoord in.**

Die Vikings het in allerhande gode en godinne geglo.

Die volgende sin is 'n voorbeeld van 'n 

enkelvoudige
--------------

saamgestelde
--------------

 sin. (1)

<b>1</b>

16. Wat is die afkorting vir meter sin (15) ? (1)

<b>1</b>

17. Voeg die sinne bymekaar deur gebruik te maak van die **voegwoord** in hakies.

Daar was nie baie spasie op die langbote nie. Die Vikings het hulle skilde aan die kant (1)  
van die langbote gehang. **(Omdat)**

<b>1</b>

18. Skryf die volgende sinne in die **ontkenning**.

Vikings se helms het horings gehad.

(1)

---

---

19. Iemand kon die dorpsmense teen die Vikings waarsku.

(1)

---

---

20. In watter een van die volgende woorde is die **koppelteken** korrek gebruik?

(1)

a) Odin-hulle

b) Noord-Afrika

c) Viking-name

d) al die bogenoemde

e) nie een van die bogenoemde nie

<b>2</b>

<b>1</b>

21. **Ontleed** die volgende **sin** in gesegde, onderwerp, voorwerp, byvoelike – en bywoordelike bepalings.

Die Vikings het Europese kerke op Sondag geplunder.

Gesegde:

Onderwerp:

Voorwerp:

Byvoeglike bepalings: Europese

Bywoordelike bepalings: op Sondag

<b>3</b>

22. Verdeel **dubbeldekkerbusse** (sin 17) in **lettergrepe**:

(1)

---

23. Verdeel **dubbeldekkerbusse** (sin 17) in **klankgrepe**:

(1)

---



24. Dui aan of die volgende lettergrepe oop of geslote is:

(1)



sto - rie - ver - tel - lers

<b>3</b>

25. Skryf die volgende sin in die **indirekte rede**

Freya sê: "Ek is die godin van liefde."

(1)

---

<b>1</b>

26 Skryf die volgende sin in die **lydende vorm**.

Die bemanning het vining die seile gehys.

<b>1</b>

27. Kleur die korrekte antwoord in:

Nét (sin 6) – Die strepie op die e is 'n voorbeeld van 'n

akuut teken
gravis teken

<b>1</b>

TOTAAL **15**

